March 2018 **BULLETIN** **Maart 2018**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MONTHLY MEETING

Monday, 26 March 2018: 09h00 for 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai West.

AUSTRALIA ON A HARLEY DAVIDSON

Pieter van Niekerk

Pieter and Roelita van Niekerk circumnavigated Australia in 2012 on a Harley Davidson Ultra Classic they purchased specially for this adventure. After 55 days on the road and nearly 20 000 km they successfully completed the trip. Pieter will be telling us more about the trip and showing some of his wonderful photo's.

Pieter and Roelita are members of Clearwater Hogs, a branch of Hog International, the organisation of Harley Davidson owners with more than a million members. They moved to Stilbaai from Johannesburg at the end of 2015.

AUSTRALIË OP 'N HARLEY DAVIDSON

Pieter van Niekerk

Pieter en Roelita van Niekerk het in 2012 die omtrek van Australië se kuslyn met 'n Harley Davidson Ultra Classic, wat hulle spesiaal vir die avontuur aangekoop het, gery. Na 55 dae op die pad en byna 20 000 km is die rit suksesvol voltooi. Pieter vertel ons meer van hierdie rit en wys hul pragtige foto's.

Pieter en Roelita is lede van Clearwater Hogs, 'n tak van "Hog International", die organisasie van Harley Davidson eienaars met meer as 'n miljoen lede. Hulle verhuis na Stilbaai van Johannesburg aan die einde van 2015.

Guests and non-members are welcome to attend; admission is free.

THIS AND THAT ...

At our February monthly meeting Mike Steytler gave a highly informative talk on superbugs and the dangers we are facing with many bacteria becoming resistant to most antibiotics. He discussed various treatments, in particular the recent successes that have been obtained with treatment by natural honey.

Wonderful news is that our membership has grown to 249; there can be no doubt that the programmes that we offer are popular with the people of Stilbaai.

Weereens ons dank aan Abraham van Rooyen van Zandvliet Landgoed – hy het weer ses bottels van sy wonderlike Zandvliet wyn vir ons Jagersbosch Fonds uitloting geskenk.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Die volgende kursus word tans aangebied:

- **Voël identifikasie vir beginners** : Al drie voël identifikasie kursusse vir 2018 is reeds vol. As u belangstel in die kursusse, kontak asseblief vir Johan op *rooyenvanjohan@gmail.com* sodat hy kursusse vir 2019 kan beplan.

TED PRAATJIE – ONDERWATER WONDERE

Woensdag 14 Maart 2018 om 09h30 in Die Waenhuis.

Ons wys twee TED praatjies oor die wonderlike en kleurvolle mariene wêreld. David Gallo se "Underwater Astonishments" wys seediere met kleure wat verander, kamoufleer, en die dieptes met neon vertonings verlig. David Gruber bespreek die ondersee wêreld van bioliggewing en bioflourersensie.

Lawrence Barltrop koördineer die TED Praatjies; kontak hom asseblief op *barltrop@vodamail.co.za* as julle 'n interessante onderwerp het, of as julle 'n aanbieding oor 'n spesifieke onderwerp verlang.

TED is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.

U3A STILBAAI GROUPS

The following group activities are taking place:

- **Hiking Groups :** The group hikes every Friday morning; contact Andre at *andre@andrebez.co.za.*
- **Strolling Group** : The Stilbaai Strollers meet every Friday at Lapskuit at 07h30. Contact Debra at *barltropd@gmail.com* for more information.
- **Bird Group** : Any member interested in joining the Bird Group, please contact Johan at *rooyenvanjohan@gmail.com.*
- **Photography Group** : Any member interested can contact Lawrence at *barltrop@vodamail.co.za.*
- **Share Group** : The share group meets regularly; any member interested can contact Christo at *christoprins208@gmail.com.*
- **Neuroscience Group** : Members interested in neuro-science discussions, please contact Stefan at *stefanpretorius877@gmail.com*.

U3A STILBAAI UITSTAPPIES

Ons beplan 'n aantal interessante uitstappies vir hierdie jaar; ons sal julle laat weet sodra ons meer inligting het.

KOMENDE PRAATJIES ...

Die sprekers vir ons maandelikse vergaderings is hieronder; neem asseblief kennis dat sprekers en die onderwerp op kort kennisgewing mag verander as gevolg van onvoorsiene omstandighede.

- 30 April 2018: Fanie Olivier vertel ons hoe hy Poolse studente leer Afrikaans praat.
- 28 Mei 2018: Dr Bool Smuts praat oor luiperd navorsing.
- 25 Junie 2018: Dr Nina du Toit vertel van die waarde van musiekterapie in die lewe van persone met dementia en Alzheimers.

---oooOOOooo---

U3A Stilbaai *improves the quality of life of people of mature age, especially retirees, and encourages the maintenance of intellectual capacity through stimulating programmes of learning and teaching and the social contacts derived therefrom.*

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

WWW.U3ASTILBAAI.ORG.
INFO@U3ASTILBAAI.ORG.